2025

DOKUMENT B2.2 *DOCUMENT*

KEURINGSPROSDURES & OPLEIDING

INSPECTION PROCEDURES & TRAINING

Ondersteuningsdokument: B2.1 Keuring en Administrasie
Supporting document: B2.1 Inspection and Administration

AFDELING A: AANSOEK VIR KEURING | SECTION A: APPLICATION FOR INSPECTION
AFDELING B: KEURINGSPROSEDURES | SECTION B: INSPECTION PROCEDURES
AFDELING C: GEDRAGSKODE | SECTION C: CODE OF CONDUCT
AFDELING D: OPLEIDING | SECTION D: TRAINING

AFDELING A
1. INLEIDING
2. AANSOEK OM KEURING
3. KEURINGSTIPES

AFDELING B
1. SLAAGVEREISTES
2. AFMETINGS
3. LINIêRE INSPEKSIE
4. MERRIES & REUNS
5. HINGSTE

AFDELING C
1. GEDRAGSKODE
2. TERUGVOER

AFDELING D
KEURDERSOPLEIDING

SECTION A
1. INTRODUCTION
2. APPLICATION FOR INSPECTION
3. INSPECTION TYPES

SECTION B
1. PASSING REQUIREMENTS
2. MEASUREMENTS
3. LINEAR INSPECTION
4. MARES & GEDINGS
5. STALLIONS

SECTION C
1. CODE OF CONDUCT
2. FEEDBACK

SECTION D
TRAINING OF INSPECTORS

1. AFDELING A | SECTION A: INLEIDING | *INTRODUCTION*

Algemeen | *General*

Keurders gebruik nie die keuringsproses om enige perd te benadeel of te bevoordeel nie. Dit is die keurder se plig om seker te maak elke perd voldoen aan die minimum rasstandaard en kriteria soos uiteengesit in die Rasstandaard van die SA Boerperd (SA Boerperd Telersgenootskap: 2014, Opgedateer 2017). Daar kan met trots na 'n gebrande SA Boerperd verwys word as 'n ambassadeur van die SA Boerperd ras. Die keuringsproses is deursigtig, en alle uitslae kan deur eienaars besigtig word. Puntekaarte word gebruik vir wetenskaplike ontleding. Puntekaarte van alle perde wat voor keuring gebring is, is beskikbaar op www.logix.org.za.

Inspectors will not use the inspection process to benefit or do injustice to any horse. It is the inspector's duty to make sure a horse complies to the minimum breed standard and criteria as stipulated in the Breed Standard of the SA Boerperd (SA Breeders' Society, 2014; Updated 2017). There can proudly be referred to a branded SA Boerperd as an ambassador of the SA Boerperd breed. The inspection process is transparent, and all results can be viewed by the breeder/owner. Score cards are analysed scientifically. Score cards of all horses that has been inspected, are available on www.logix.org.za.

2. AANSOEK OM KEURING | *APPLICATION FOR INSPECTION*

2.1 Ouderdom van Perde | *Age of horses*

Wanneer vullens die ouderdom van 2 jaar bereik sal die kantoor aan die teler/eienaar 'n kennisgewing stuur van die diere wat in aanmerking kom vir keuring in die daaropvolgende jaar.
When foals reach the age of 2 years, the office will notify the breeder / owner of the animals eligible for inspection the following year.

2.1.1 'n Perd behoort minstens 2 jaar oud te wees ten tye van die keuring.
A horse must be at least 2 years old at the time of inspection.

2.1.2 Keuring moet verkieslik afgehandel wees voor 'n perd die ouderdom van 4 jaar bereik.
Inspection should preferably be done before the animal reaches the age of 4 years.

2.1.3 Ongebrande perde van 4 jaar en ouer mag **nie** aan SA Boerperd Skoue & Kampioenskappe deelneem nie.
No unbranded horses of 4 years and older are allowed to take part in SA Boerperd Shows & Championships.

2.1.4 Perde wat voor keuring gebring is, maar oorstaan, mag nie skou nie.
Horses that have been inspected, but not selected and branded, are not allowed to show.

2.1.5 'n Spesifieke dier mag slegs een keer per jaar voor keuring gebring word.
A specific animal may only be inspected once a year.

2.2 Kennisgewing van Keuringsaansoeke | *Notice for the application of Inspection*

Aansoekvorms vir keuring word jaarliks vanaf November/Desember beskikbaar gestel. Telers / eienaars word per sms, e-pos en WhatsApp ingelig van die nuwe jaar se keuringsaansoeke. Navrae kan aan die kantoor of Raadslid taakgemagtig met KEURINGS gerig word.

Application forms for inspection will be made available in November/December of each year. Breeders/owners will be notified by sms, e-mail and WhatsApp of the application details for the next year. Inquiries can be made at the office, or the Board Member with the portfolio of INSPECTION.

2.3 Aansoekvorms & Onderneming| *Application forms & Conditions*

Met die volledige voltooiing van die keuringsaansoekvorm, onderneem die eienaar van die perd(e) die volgende:

In completing the application form, the owner of the horse(s) undertakes the following:

2.3.1 dat al die administrasie van die vulboek-aantekening korrek en volledig is.
that all the administration for the birth notification is correct and completed;

2.3.2 dat die perde identifiseerbaar is deur 'n mikroskyfie;
that the horse can be identified with a microchip;

2.3.3 dat hy/sy 'n skandeerder vir die mikroskyfie sal voorsien indien lg. nie van SA Stamboek aangekoop is nie;
That the breeder will have a microchip reader available, should the microchips used not be purchased from SA Studbook;

2.3.4 dat ouerskap d.m.v. DNS toetse geverifieer is;
that parentage has been verified by DNA results;

2.3.5 dat hy/sy kennis dra daarvan dat die kuddebrand of kenmerk op die linkerboud opsioneel is;
that he/she knows that a stud brand or -identification on the left thigh is optional;

2.3.6 dat die Keurdersfooi en bewys van betaling aan die kantoor gestuur is;
that the Inspection fee and proof of payment has been sent to the office;

2.3.7 dat sy/haar algemene rekeninge vereffen is;
that his/her general accounts are settled;

2.3.8 dat hy/sy aanvaar dat sy/haar aansoek nie noodwendig beteken dat die betrokke perd(e) gekeur en/of gebrand sal word na inspeksie nie;
that he/she acknowledges that his/her application does not necessarily mean that horses applied for will be selected and branded after inspection;

2.3.9 dat hy/sy sal voldoen aan die gedragskode;
that he/she will conform to the code of conduct;

2.3.10 dat hy/sy genoegsame fasiliteite en hulp gedurende die keuring sal voorsien;
that he/she will supply ample facilities and assistance during the inspection;

2.3.11 dat hy/sy, of 'n gevolmagtigde person, teenwoordig sal wees tydens die keuring;
that he/she, or a proxy, will be in attendance during the inspection;

2.3.12 dat hy/sy slegs perde voor keuring bring wat aan al die vereistes t.o.v. aantekening voldoen en dat die perd se status nie HANGEND (PENDING) op Logix nie;
that he/she will only bring horses for inspection that comply to the requirements of recording and that the horses' status is not PENDING on Logix.

2.3.13 dat onvoorsiene veranderings en foute aan die kantoor deurgegee en reggestel sal word waar nodig;
that unforeseen changes and mistakes will be corrected at the office as necessary;

2.3.14 dat hy/sy sal hou by die keuringsprotokol;

2.3.15 *that he/she will keep to the inspection protocol;*

2.3.16 dat ALLE hingste halter-mak is.
that ALL stallions are halter trained.

3. KEURINGSTELSELS | *INSPECTION TYPES*

Daar is tans 5 tipes keuring beskikbaar soos hieronder beskryf.

There are currently 5 types of inspection available as described below.

3.1 Keuringstoere vir merries & reuns | *Inspection Tours for mares & geldings*

Minstens twee keurders besoek die onderskeie keuringspunte by telers/eienaars of saamgegroepeerde stoete om merries en reuns te keur. Daar moet minstens 2 merries en/of reuns per keuringspunt wees vir die keurders om dit te besoek.

At least two inspectors must visit the various inspection points at breeders' / owners' studs, or studs that are grouped together to have mares and geldings inspected. There must be at least 2 mares and/or geldings per venue.

- Keuringsfooi vir die keur van merries / reuns is vooruit betaalbaar.
  Inspection fees for mares / geldings are payable in advance;
- Addisionele reiskostes word na afloop van die keuringsproses bereken en gefaktureer.
  Additional traveling costs will be calculated and invoiced after the tour is completed.

3.2 Hings-keurings | *Stallion Inspection*

(Verw. Afdeling B, 5 | Ref. Section B, 5)

'n Sentrale hingskeuring word jaarliks gehou.

A central stallion inspection is held annually.

3.2.1 Die plek van keuring word volgens die demografie van keuringsaansoeke vir hingste bereken.
The place of inspection will be determined by the demography of applications for stallions.

3.2.2 Keuringsfooie vir die keur van hingste is vooruit betaalbaar.
Inspection fees are payable in advance.

3.3 Spesiale keurings | *Special Inspections*

Spesiale keurings buite bg. beplanningstrukture, kan slegs na skriftelike aansoeke deur die Raad geëvalueer en goed- of afgekeur word.'n Voorbeeld van'n geldige aansoek om spesiale keuring, sou kuddeveilings insluit.

Special inspections outside of the standard planning structures can, only after written application, be evaluated by the Board and will be approved or declined accordingly. An example of a valid application for special inspection could be inspection for auctions.

3.3.1 Alle voorwaardes en prosedures is van toepassing;
All terms and procedures are applicable;

3.3.2 Spesiale keuringsfooie is vooruit betaalbaar;
Special inspection fees are payable in advance;

3.3.3 Alle reiskostes word gefaktureer.
All traveling costs will be invoiced.

3.4 Keuring by nie-lede | *Inspection for non-members*

Al onderstaande vereistes is van toepassing .

All the requirements below are applicable.

3.4.1 Alle kostes is vooruit betaalbaar. Dit sluit die volgende in:
All costs are payable in advance. This will include the following:

a) Aansoek om keuring - addisionele kostes is betaalbaar;
Application for inspection – additional fees are applicable;

b) Reiskostes;
Traveling costs;

c) Registrasiekostes.
Registration fees,

Keurders sal met die aansoeker kommunikeer om die perd na die naaste keuringspunt te neem.

Inspectors will arrange with the applicant to transport the horse to the nearest inspection point.

3.5 Finansies | *Finances*

Keuringsaansoeke moet vergesel word van ‘n bewys van betaling.
Inspection application must be accompanied by proof of payment.

3.5.1 Geen keuringsaansoek sal aanvaar word sonder ’n bewys van betaling nie.
No inspection application will be accepted without proof of payment.

3.5.2 Geen keuringsdiens sal gelewer word indien die aansoeker se rekening nie ten volle op datum en vereffen is nie.
No inspection will take place if the applicant’s account has not been settled in full.

3.5.3 Nadat die keuring afgehandel is, word die finale reiskostes bereken en verdeel, waarna lede vir die uitstaande bedrag gefaktureer word.
The final traveling cost for the inspection will be calculated, split up and invoiced after all inspections have been completed.

3.5.4. Reiskostes word soos volg bereken:
Traveling costs are calculated as below:

a) Die totale afstand (km) word verdeel deur die aantal keuringspunte wat besoek is.
The total distance (km) is divided by the number of inspection points visited.

b) Namibië word apart bereken.
Namibia is calculated separately.

3.5.5 Indien ’n teler verskillende diere op twee plekke perde voor keuring bring, en daar sou op die tweede punt wel keuring plaasgevind het, betaal hy/sy net vir een keuringspunt se reiskostes.
Should a breeder use two inspection points, he/she will only pay traveling cost for one inspection point should the second inspection point also include other animals to be inspected.

3.5.6 Indien keurders ’n vooraf ongeskeduleerde keuringspunt moet besoek, sal addisionele individuele reiskostes deur die spesifieke eienaar/teler betaalbaar wees.
Should inspectors have to visit an unscheduled inspection point, the additional individual traveling cost will be invoiced to such owner / breeder specifically.

AFDELING B : KEURINGSPROSEDURES | SECTION B INSPECTION PROCEDURES

1. Minimum slaagvereistes t.o.v. hingste, merries & reuns
Minimum pass requirements for stallions, mares & geldings

Hingste | *Stallions*	:	70%.
Merries | *Mares*	:	65%
Reuns | *Geldings*	:	65%

Om kan gekeur te word, moet 'n perd elke lyn op die puntekaart slaag. Gemiddelde persentasies sal nie bereken word nie. Die afdelings is beskikbaar op dokument B10: Keurders-puntekaart 2024).
For a horse to pass the inspection, every line on the inspection report must be passes. No averages are calculated. The criteria are outlined in document B10: Inspection Report 2024.

2. AFMETING | MEASUREMENTS

Keurders sal 'n maatstok, skandeerdeer en hoefmeter byderhand hê.
Inspectors will have a measuring stick, scanner and hoof measurement tool.

2.1 Minimum vereistes t.o.v. hoogtemaat
Minimum requirements with regard to height measurement

Die amptelike minimum hoogtemaat van volwasse SA Boerperde (1hand = 10,1cm), is soos volg:

Hingste	:	14.2hh (148cm)
Merries	:	13.3hh (140cm)
Reuns	:	13.3hh (140 cm)



Die hoogte word gemeet op gelyke grond, met die perd wat vierkantig staan. 'n Meetstok word gebruik om die hoogte in 'n loodregte lyn vanaf die hoogste punt van die kambeen (skof), tot op die grond te meet.

Slegs perde wat voldoen aan bg. hoogtemaat <u>op die dag van keuring</u>, sal gebrand word.

Keurders sal die volgende toerusting hê vir meting en identifikasie:
meetstok; skandeerder; hoefmeter.

The official minimum height of adult SA Boerperd horses are:
(1 hand = 10.1cm), are stipulated below:

Stallions	:	*14.2hh (148cm)*
Mares	:	*13.3hh (140cm)*
Geldings	:	*13.3hh (140cm)*

The height is measured on level ground, with the horse standing square. A measuring stick is used to determine the height in a perpendicular line from the highest part of the withers, to the ground. ***Only horses that comply to the minimum height <u>on the day of inspection</u>,*** *will be branded.*

Inspectors shall have the following equipment for measurement and identification:
measuring stick; scanner; hoof measuring tool.

2.2 Afmetings van hoewe/ *Measurements of hoofs* (Verw. Dokument C5, Item 3.1)|
Die maksimum toelaatbare lengte van hoewe is 11cm, gemeet vanaf die haarlyn op die hoefkroon tot by die bokant van die hoefyster / grond. Hingste word kaalvoet geassesseer en gemeet. Hoewe sal gemeet word met 'n onverstelbare meetinstrument, deur 'n beampte soos aangewys.

The maximum hoof length allowed is 11cm, measured from the hairline on the coronet to the top of the shoe. Hoofs will be measured with an un-adjustable instrument in the official's possession. Stallions are inspected, assessed and measured without shoes.

Indien merries/ reuns beslaan is, is die maksimum toelaatbare breedte van skoen (op die breedste deel waar van toepassing) 25mm, en die maksimum dikte van die skoen 10mm.
Should mares / geldings be shod, the maximum allowed width of the shoe (the widest part where applicable), is 25mm, and the maximum thickness of the shoe 10mm.

3. LINIÊRE KEURING | LINEAR INSPECTION

Om keuring te kan slaag, moet 'n perd elke lyn op die puntekaart slaag. Gemiddelde punte word nie bereken nie.

3.1 RASTIPE: Kop; Oë; Ore; Neusvleuels; Bek; Gebit; Wangbeen.

3.2 KONFORMASIE: Kop-/Nek-aansluiting; Nek; Nek-inplasing; Skouer; Kambeen; Rib-sprong; Rug; Lende; Kruis; Flank/lies; Lyf-konformasie; Bors; Bo-arm; Lengte van voorarm; Voorbene; Knie; Been-aansluiting; Pyp-been/ingesny; Agterbene; Kootgewrig; Hoewe; Been kwaliteit; Testikels (By hingste moet beide testikels sigbaar wees, en by reuns moet dit duidelik afwesig wees).

3.3 BEWEGING: Stap; Draf; Galop; Lae- / Medium- / Hoë aksie / passer.

To pass the inspection, a horse must pass every line on the score card. Average percentages are not calculated. Divisions consist of the following (Ref. B10: Judges Score card 2023):

3.1 BREED TYPE: Head; Eyes; Ears; Nostrils; Mouth; Bit; Cheeck bone.

3.2 CONFORMATION: Head / Head- neck connection; Neck; Neck implant; Shoulder; Withers; Rib cage; Back; Loins; Croup; Flank/groin; Mid-section; Chest; Upper arm; Length of upper arm; Front legs; Knee; Leg joint; Cannon bone / herring gutted; Hind legs; Hocks; Hoofs; Bone quality; Testicle (Both testicals must be visible for stallions; geldings must have no testicles).

3.3 MOVEMENT: Walk; Trot; Canter; Lower- / Medium- / Higher action / pacer.

*Slegs diere wat aan die minimum rasstandaard voldoen, sal vir registrasie in aanmerking kom.
(Verw. Dokument: B1 -Rasstandaard)
* Only animals that conform to the breed standard, will be eligible for registration.
(Ref.: Document: B1 – Breed Standard)*

4. MERRIES & REUNS | MARES & GELDINGS

4.1 Die keuring van merries en reuns vind plaas soos gereël deur die betrokke klub of hoofkeurder van die toer en die kantoor.
The inspection of mares and geldings take place as arranged by the appropriate club or senior inspector of the tour, and the office.

4.2 Merries en reuns moet elke lyn van die keuringspuntekaart slaag.
Mares and geldings must pass every line of the inspection report.

4.3 Keurders besluit saam op die finale resultaat en slegs een daar verslag per perd.
Inspectors decide together what the final result will be, and one report is given.

4.4 PROSEDURES | *PROCEDURES*

4.4.1 Die keurders verduidelik in hulle amptelike hoedanigheid aan die telers/eienaars/hanteerders wat van hulle verwag word.

The inspectors explain clearly in their official capacity to the breeders/owners/handlers, what is expected from them.

4.4.2 Keurders kry die geleentheid om die perd met mekaar te bespreek en konsensus oor die uitslag te bereik voor die uitslag bekend gemaak word.
Inspectors get the opportunity to discuss the horse with each other and have consensus over the result before making it known.

4.4.3 Onnodige argumente en redenasies moet vermy word.
Unnecessary arguments and discussions must be avoided.

4.4.4 Die perd word geïdentifiseer volgens mikroskyfie en ID diagram.
slegs tatoeëermerke van diere gebore voor 2021 word aanvaar.
The horse is identified by the microchip and ID diagram.
Only tattoo identification of animals born before 2021 is accepted.
Only tattoos of animals born before 2021 only are acceptable.

4.4.5 Die hoofkeurder vul die identifikasie-besonderhede volledig op die puntekaart in. Hierdie uitslae word aan SA Stamboek verskaf vir die uitreiking van die registrasie-sertifikaat en korrekte inligting is van uiterste belang.
The senior inspector fills out all the identification details on the score card. These results are handed over to SA Studbook in order to issue the registration certificate. Correct information is of the utmost importance.

4.4.6 Punte word individueel aan elke perd toegeken.
Marks are awarded to each horse individually.

4.4.7 Keuringsuitslag word aan teler gegee.
The inspection result is given to the breeder.

4.4.8 Perde wat die keuring slaag, word gebrand.
Horses that pass the inspection, are branded.

4.4.9 Die keurder se uitslag is finaal. Indien die perd nie gekeur is nie, kan hy/sy weer in die daaropvolgende jaar aansoek doen vir keuring.
The inspectors' result is final. Should a horse not pass the inspection, the breeder/owner can reapply for inspection in the following.

4.4.10 Merries/reuns kan slegs 5 keer voor keuring gebring word. Vanaf die 2de aansoek, sal elke keuringsfooi met elke aansoek daarna verdubbel.
Mares / Geldings can apply for a maximum of 5 inspections. From the 2nd application the application cost will doubled for each application.

4.4.11 Merries / reuns wat oorstaan mag nie inskryf vir SA Boerperd skoue en kampioenskappe nie.
Mares / geldings that were not selected and branded at an inspection, are not allowed to enter for SA Boerperd shows and championships.

DIE KEURDERS SE UITSLAG IS FINAAL
INSPECTORS' SCORES ARE FINAL

5. HINGSKEURING | *STALLION INSPECTION*

5.1 Sentrale Keuringspunte & Beplanning | *Central Inspection Points & Planning*

Hingskeuring vind op 'n sentrale en neutrale perseel, wat vooraf deur die Raad bepaal word, plaas. Organisatoriese reëlings maak voorsiening vir die volgende:
The stallion inspection takes place at a central and neutral place, as determined beforehand by the Board. Organisational arrangements make provision for the following:

5.1.1 Die saamstelling van 'n keuringskatalogus in ouderdomsvolgorde;
The compiling of an inspection catalogue in the order of the horses' ages;

5.1.2 Etes vir keurders (minstens 3), beamptes en ander hulp.
Meals for inspectors (at least 3), officials and other assistants.

5.1.3 Genoegsame baanbeamptes wat die prosedure beheer en met vertoners skakel;
Adequate officials that direct the procedure and laisse with the exhibiters;

5.1.4 Administratiewe beamptes (minstens 3), vir die verwerking van punte;
Administrative officials (at least 3) for processing the points;

5.1.5 Plek vir toeskouers, besoekers en stalhulp.
Place for the spectators and grooms.

5.1.6 Stalle vir hingste.
Stables for stallions.

5.2 Prosedures: sentrale hingskeuring |*Procedures: Central Stallion Inspection*

5.2.1 DOKUMENTASIE: Logix | *DOCUMENTATION: Logix*
Die dokumentasie soos hieronder genoem, word vooraf deur aangewese beamptes gekontroleer;
The documentation below will be verified prior to the inspection by appointed officials;

a) Hingste word vooraf geskandeer vir mikroskyfie identifikasie;
Stallions are scanned for micro chip identification;

b) Hingste word vergelyk met die ID diagram;
Stallions are verified with the ID diagram;

c) Die hoogte van hingste word vooraf gemeet om te bevestig dat hulle aan die minimum hoogte van 14.2hh voldoen;
The height of stallions are measured prior to the inspection to confirm that they comply to the minimum height of 14.2hh.

d) Gebit en testikels word gekontroleer.
Bit and testicles are verified.

e) Hingste wat die vorige jaar of jare oorgestaan het en weer voor keuring gebring word, se vorige keuringspuntekaarte is by die nuwe puntekaart aangeheg.
The score cards of stallions' that have been inspected, but not selected to brand before, are also attached to the new score cards.

5.2.2 BESIGTIGING VAN HINGSTE |*VIEWING OF STALLIONS*
Daar word 'n nommer aan elke perd toegeken. Keurders ontvang keuringspuntekaarte met die nommers van perde op. Perde word anoniem gekeur.
A number is allocated to each stallion. Inspectors will receive score cards with the numbers of the horses. Horses are inspected anonymously.

a) Al die hingste in die arena stap volgens ouderdom in die rondte in die vir besigtiging.
All stallions in the arena walk in a circle according to age to be viewed.

b) Keurders kan die perde aanskou, maar nie stop of alternatiewe versoeke rig om die prosedures te onderbreek of te verander nie.
Inspectors view the horses, but are not allowed to make any additional requests for alternative procedures.

c) Keurders mag nie perde bespreek nie.
Inspectors may not discuss horses.

d) Keurders mag nie aandag vestig op enige aspek t.o.v. van bouvorm nie.
Inspectors may not accentuate any aspect of conformation.

Kleredrag vir vertoners van hingste: Verw. C6: Kleredrag (1), Handklasse.
Dress code for exhibiters of stallions: Ref. C6: Dress Code (1), Hand classes.

5.2.3 INVUL VAN PUNTEKAARTE | *COMPLETING OF SCORE CARDS*
Keurders kry die geleentheid om elk op sy eie, al die perde in die arena te punt.
Inspectors get the opportunity to score each horse in the arena individually.

a) Elke keurder kry 'n plek en perd om te begin punt.
Each inspector is allocated a stallion to start scoring.

b) Die keurder het ±10 minute per perd om alles te punt behalwe beweging;
The inspector has ±10 minutes per horses to complete the score card, movement excluded;

c) Na 10 minute skuif die perde aan na die volgende keurders;

After 10 minutes, the stallions move on to the next inspectors;

d) Indien die tyd verstreke is, stop die keurder waar hy is en die perd skuif aan. Die proses herhaal homself totdat al die perde deur elke keurder gepunt is;
When the time have expired, the inspector will stop scoring, and the horses will move on. This process repeats itself until all the stallions have been scored.

e) Keurders wat self hingste in die arena het, moet self ook sy/haar hingste punt;
Die keurder moet reëlings tref dat die hings ingebring word deur ’n derde persoon.
Inspectors who have stallions that belong to them in the arena, must also score their own stallions. This inspector must have arranged that the stallion be brought into the arena by a third person;

f) Hingste verlaat die arena.
Stallions leave the arena.

g) Keurders hou die puntekaarte by hul vir die evaluering van beweging;
Inspectors keep the score cards with them to score the movement of the stallion;

h) Hingste kom een vir een in om beweging te beoordeel;
Stallions enter the arena one by one to inspect movement;

i) Hingste moet stap; draf en galop. Hingste het 5 minute om die drie gange te wys;
Stallions must walk, trot and canter. Stallions have 5 minutes to show all gaits;

j) Keurders punt die beweging op hul eie.
Inspectors score the movement on their own.

5.2.4 BEREKENING VAN PUNTE

a) SLAAG | *PASS*
Die hings slaag as 2/3 (twee derdes) van die keurders die hings 70% of meer per lyn punt.
Keurders bespreek hingste wat lyne van minder as 70% gepunt is.
A stallion passes if 2/3 (two thirds) of the inspectors have a score of 70% or more per line.
Inspectors will determine amongst themselves which stallion has less than 70% per line.

b) BESPREEK | *DISCUSS*
As 1/3 (een derde) van die keurders die lyn minder as 70% punt, word die aspek bespreek en die besluit gefinaliseer.
If 1/3 (one third) of the inspectors score less than 70% per line, this aspect will be discussed and the decision finalised.

c) STAAN OOR | *NOT SELECTED*
As 1/3 (een derde) van die keurders die lyn steeds minder as 70% punt, staan die hings oor.
If 1/3 (one third) of the inspectors still score less than 70% per line, is not selected.

d) TERUGVOER AAN EIENAARS
FEEDBACK TO OWNERS

5.2.5 ASSESSERING VAN KONSEKWENSIE VAN KEURDERS
ASSESSMENT OF CONSEQUENCE OF INSPECTORS
Hingste mag geselekteer word vir herkeuring op ’n nuwe puntekaart gepunt word sodat SA Stamboek die konsekwensie van die assessering van elke keurder kan evalueer.
Hierdie puntekaarte is nie beskikbaar vir besigtiging nie.
Stallions may be selected to be scored again by all inspectors, on an empty score card. This information is used to determine the consequence in the scoring of each inspector. SA Studbook uses this information to assess each inspector.
These score sheets will not be made available for viewing.

5.2.6 ALLE PUNTEKAARTE WORD INGENEEM
ALL SCORE SHEETS ARE HANDED IN.

DIE KEURDERS SE UITSLAG IS FINAAL
THE INSPECTORS’ SCORES ARE FINAL

5.3 Toediening Van SA Boerperd Brandmerk | *Application of SA Boerperd Brand*



Die SA Boerperd brandmerk op die regterboud is die teken dat die perd aan die Minimum Rasstandaard van die SA Boerperd ras voldoen.

The SA Boerperd brand on the right thigh is confirmation that the horse complies with the minimum breed standard for the SA Boerperd breed.

5.3.1 Indien 'n hings gekeur word, sal die SA Boerperd brandmerk op dieselfde dag aangebring word. Die eienaars mag die keurders versoek om die perd namens hulle te brand.
If a horse is selected, the SA Boerperd brand will be administered on the day of inspection. The owners may request the inspectors to brand the horse.

5.3.2 Hingste wat OORSTAAN, maar as reunperde gekeur is, mag na kastrasie deur die naaste keurder gebrand word indien die identiteit en ouerskap van die betrokke REUN geverifieer kan word (mikroskyfie).
Stallions that didn't pass the inspection as stallions, but are selected as geldings, may be branded after castration by an inspector in close proximity. The identity, DNA and parentage will be verified before branding (microchip).

5.3.3 Hingste kan herhaaldelik voor keuring gebring word. Na die 1ste keuring, verdubbel die kostes met elke aansoek daarna.
Stallions can apply repeatedly for inspection. After the 1ste inspection, the cost will be doubled with every application.

5.3.4 Hingste wat oorstaan mag nie inskryf vir SA Boerperd skoue en kampioenskappe nie.
Stallions that were not selected and will be presented for inspection in the next year, are not allowed to enter for SA Boerperd shows and championships.

AFDELING C: GEDRAGSKODE & OPLEIDING
SECTION C: CODE OF CONDUCT & TRAINING

1. GEDRAGSKODE TYDENS KEURING |*CODE OF CONDUCT DURING INSPECTION*

Lede word versoek om hulle volle samewerking aan die Keurders te verleen om die proses so glad as moontlik te laat verloop.
Members are requested to give their full support to the inspectors in order to make the process as smooth as possible.

1.1 Eienaars, vertoners en toeskouers moet hulle beleefd en beskaafd gedra.
Owners, breeders and spectators must be polite and civilised at all times.

1.2 Fisieke geweld, lasterlike en/of beledigende taal, sowel as onwelvoeglike tekens en gebare is onaanvaarbaar.
Violence, defamatory and/or offensive language, as well as indecent signs and gestures are unacceptable.

1.3 Eienaars, vertoners en gevolmagtigdes moet selfbeheersing en respek toepas, asook hoflikheid en verdraagsaamheid teenoor mekaar, sowel as die keurders en beamptes betoon.
Owners, exhibiters and proxies must exercise self-control and respect, as well as show courtesy to, and be with tolerant to each other, the inspectors and officials.

1.4 Onbetaamlike reaksie op beslissings van keurders is onaanvaarbaar. Indien daar ongelukkigheid is oor'n uitslag, kan die appèlprosedures gevolg word.
Indecent reaction about the outcomes of inspectors is unacceptable. Should there be dissatisfaction about an outcome of the inspection, appeal procedures can be followed.

1.5 Hardhandigheid/wreedheid teenoor perde sal nie geduld word nie. Ernstige gevalle sal by DBV/SAPD aangemeld word.
Cruelty / harsh actions against horses shall not be tolerated. Serious cases will be reported to the SPCA/SAP.

2. TERUGVOER NA KEURING | *FEEDBACK AFTER INSPECTION*

Wanneer die keuring afgehandel is sal die keurders enige vrae, besprekings en aanbevelings aangaande 'n perd met graagte beantwoord. Met positiwiteit, is elke keuring 'n opleidingsgeleentheid.
After the inspection is concluded, the inspectors will handle questions, discussions, and make recommendations regarding horses. With a positive attitude, every inspection is a learning experience.

2.1 Puntekaarte | *Score cards*

Inspeksiepuntekaarte is na keuring beskikbaar vir besigtiging deur die teler / eienaar, maar punte is nie oop vir bespreking nie.
After inspection, score cards are available to the breeder / owner, however the results are not open for discussion.

2.2 Registrasiesertifikate | *Registration Certificates*

Diere wat die keuring geslaag het, sal so gou as moontlik 'n elektroniese SA Stamboek registrasie sertifikaat van die kantoor ontvang. Harde kopieë kan by die kantoor aangevra word.
Animals that pass the inspection, will receive their SA Studbook electronic registration certificate from the office a.s.a.p. Hard copies can be requested from the office.

2.3 Oorstaan van perde wat nie gekeur is nie | *Re-inspection for horses that were not selected*

Geen perde word afgekeur nie, maar kan oorstaan vir 'n verdere keuringsaansoeke per perd in die daaropvolgende jare. Perde kan om verskeie redes oorstaan, wat onvolwassenheid insluit. 'n Spesifieke dier

mag egter slegs EEN keer per jaar voor keuring gebring word. Ekstra heffings is van toepassing op perde wat herhaaldelik voor keuring gebring word.
No horses are declined; however, the horses can re-apply for more inspections in the following years. One of the reasons for a horse to be presented at the next inspection, could be immaturity. Inspection can only be applied for ONCE a year. Additional costs are applicable.

2.4 Keuring van die nageslag van 'n ongekeurde perd | *Inspection of progeny of a non-registered horse*
Geen vullens van 'n ongekeurde hings of merrie, sal gekeur word nie. 'n Vul mag aangeteken word, maar die stutus sal "PENDING" bly. Indien so 'n perd wel op 'n later stadium gekeur en gebrand word, mag die teler aansoek doen vir keuring van die perd se nageslag. Die normale terme en voorwaardes is van toepassing.
Offspring from a stallion or mare that were not inspected and selected as SA Boerperd horses, will not inspected. The foal may be recorded, however its status will remain PENDING on the system. Should such horse at a later stage, pass inspection, the breeder can apply for such animals to be recorded and subsequently apply for inspection of the horses' progeny. The normal terms and conditions are applicable.

AFDELING D: OPLEIDING VAN KEURDERS | SECTION D: TRAINING OF INSPECTORSKEURDERS

1. Keurders as Ampsdraers |*Inspectors as officials*
Keurders word deur die Raad aangestel soos benodig. Keurders is ampsdraers van die Genootskap en hul beslissings moet as sodanig deur die lede aanvaar word.
The Board appoints inspectors as deemed necessary. Inspectors are officials of the Society and their decisions must be accepted as such by members/owners.

1.1 Om as keurder aangestel te word, moet 'n persoon:
To be appointed as an inspector, a person must:
(i) 'n lid van die genootskap wees;
be a member of the society;
(ii) as aktiewe teler en lid van die genootskap, minstens 1 keer in 2 jaar, onder sy/haar se stoetnaam, vullens laat aanteken en/of keur;
function as an active member of the society, therefore record and/or present horses for inspection under his/her stud name, at least once every 2 years.
(iii) die keurders-opknappingskursusse/keurdersvergaderings bywoon, en mag nie 2 agtereenvolgende jare daarvan afwesig wees nie.
attend the inspectors' refresher courses / inspectors' meetings, and may not be absent for 2 consecutive years.
(d) se rekeninge by SA Stamboek, sowel as die SA Boerperd Telersgenootskap moet op datum wees.
have settled accounts at the SA Breeders' Society, as well SA Studbook.

1.2 Keurders word deur die Raad aangestel.
Inspectors are appointed by the Board.

1.3 Keurders sal die keuringstelsel toepas soos gemeet teen die rasstandaard.
Inspectors will apply the inspection system according to the breed standard.

1.4 Die Raad sal van tyd tot tyd die paneel van keurders in heroorweging neem, en daaruit sodanige name verwyder, vervang en byvoeg, soos wat nodig geag mag word.
The board will reconsider the panel of inspectors from time to time, and add or remove inspectors as deemed necessary.

1.5 Keurders moet altyd poog om onderling tot 'n ooreenkoms te kom, alvorens uitspraak oor 'n dier gegee word.
Inspectors must endeavour to agree with each other, before giving judgement with regard to an animal.

1.6 Alle inligting en kennis waaroor'n keurder beskik met betrekking tot perde in die Genootskap, word as vertroulik hanteer.
All Knowledge and information regarding horses obtained as inspector, must be handled as confidential.

1.7 Keurders moet op hoogte wees van die familietrekke, asook goeie en swak eienskappe van die onderskeie bloedlyne.
Inspectors must be well informed regarding family traits, as well as good and bad qualities of respective blood lines.

1.8 Keurders moet op hoogte wees van die administratiewe deel van die keuring.
Inspectors must be well informed about the administrative side of inspection.

1.9 Keurders sal elke dier wat vir registrasie in aanmerking kom:
Inspectors will, for every animal that is eligible for registration:

(i) besigtig nadat die administratiewe aspekte soos uiteengesit, as korrek bevestig is;
oversee after it has been confirmed that the administrative process involved has been done correctly;

(ii) Hom-/haarself vergewis het dat die kleur, identifikasie, ouderdom, ens. van die dier korrek aangegee is en ooreenstem met die dier wat vir inspeksie aangebied word;
make sure that the colour, identification, age, etc. of the animal are recorded correctly and that it corresponds with the animal up for inspection;

(iii) inspekteer om te bevestig dat die dier in alle opsigte voldoen aan die rasstandaard en aan die minimum persentasie-vereistes soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.
inspect and confirm that the animal conforms to the minim requirement percentage in the breed standard as determined by the Board.

1.10 Keurders mag, in opdrag van die Raad, van tyd tot tyd sonder vooraf waarskuwing 'n algemene inspeksie van enige stoet doen.
Inspectors may, if commissioned by the Board, do a general inspection of any stud, without any prior warning.

1.11 Geen keurder mag optree as keurder van sy/haar eie diere nie, sentrale hingskeuring uitgesluit.
No inspector may act as inspector of his/her own animals, Central Stallion Selection Excluded.

2 KWALIFIKASIES VAN KEURDERS |*QUALIFICATION OF INSPECTORS*

Om te kan kwalifiseer as SA Boerperd keurder, moet kandidate aan al die vereistes soos hieronder beskyf, voldoen. Die vereiste om as keurder te kwalifiseer, is dus soos hieronder uiteengesit.
To qualify as a SA Boerperd Inspector, candidates must pass all the requirements as described below. The requirements to qualify as an inspector are described below.

2.1 Slaag 'n Intree-eksamen.
Pass an entry examination.

.

2.2 Praktiese ondervinding, met verslae van Senior keurder van elke toer, moet voltooi word en verslae van die hoofkeurder moet daarmee saam ingehandig word.
Practical experience with written score cards from Senior Inspector of each tour must be completed and handed in.

(i) Minstens 4 merrie- en reun keuringstoere in verskillende provinsies, of soos die Raad bepaal, moet bygewoon word en positiewe verslae verkry word. Indien die verslae nie bevredigend is nie, sal die kandidaat keurder aangeraai word om meer toere mee te maak. Tydens die 4de toer, lê die kandidaat 'n mondelingse eksamen gebaseer op die Keuringspuntekaart af. Dit word saam met die verslag van die hoofkeurder aan die kantoor gestuur.
At least 4 mare- and gelding inspection tours in different provinces or as determined by the board, must be attended and positive reports from the senior inspector must be handed in. Should the

reports not be satisfactory, the candidate will be advised to do more tours. During the 4th inspection tour, the candidate will do an aural examination based on the inspection score card and this will be sent to the office with the final report form the senior inspector.

2.3 HINGSKEURING 1:

Praktiese ondervinding word tydens die eerste sentrale hingskeuring opgedoen, waar die kandidaat keurder behulpsaam sal wees met:

(i) meet van hoewe;
(ii) meet van hoogtes van perde;
(iii) evaluering van gebit;
(iv) verifiëring van testikels;
(v) kontrolering van mikroskyfies;
(vi) baanbestuur;
(vii) administrasie.

STALLION INSPECTION 1

Practical experience will be required during the first central stallion inspection, where the candidate inspector will assist with:

(i) measuring of hooves;
(ii) measuring the heights of horses;
(iii) evaluating the bit;
(iv) verifying of testicles;
(v) verifying of microchips;
(vi) arena management;
(vii) administration.

2.4 HINGSKEURING 2: FINALE PRAKTIESE EKSAMEN:

Die kandidaat-keurder doen aansoek by die raad om die finale praktiese eksamen te kan aflê. Slegs drie kandidate word per jaar aanvaar.

(i) Tydens die keuring, sal van die kandidaat keurder verwag word om keuringspuntekaarte van elke hings in te vul en saam met die keurders in te handig. Geen punte word bespreek nie. Die kandidaat keurder se puntekaart word nie in berekening gebring vir die keuringsresultate nie.
(ii) Die kandidaat-keurder se puntekaarte word op ‘n wetenskaplike wyse deur SA Stamboek met die res van die keurders s’n vergelyk om die finale punt van die kandidaat keurder te bepaal.

The candidate inspectors apply to do their final practical examination at the central stallion inspection. Only three candidates per year can be accepted.

(i) During the inspection process, the candidate inspector will be expected to complete and submit inspection score cards for each stallion with the inspectors. No results will be discussed. The candidate inspectors score cards will not be calculated with the inspectors’ reports.
(ii) The candidate-inspectors’ inspection reports will be compared to that of the inspectors and SA Studbook will analyse and assess the results scientifically.

Alle aanstellings word deur die Raad gedoen.
All appointments will be done by the Board.

SA BOERPERD KEURDERS

1. Slaag 'n skriftelike KEURDERS intree-eksamen:
   - Rasstandaard & Bouvorm;
   - Kursusse / Inligtingsgeleenthde;
   - Selfstudie.

2. PRAKTIES
   - Slaag 'n minimum van 4 keuringstoere in verskillende provinsies soos deur die Raad bepaal en goedgekeur. Die hoofkeurder van elke toer sal verslae aan die kantoor stuur vir assessering deur die Raad. Indien die verslae nie bevredigend is nie, sal meer keuringstoere gedoen moet word.
   - Tydens die laaste (4de) keuringstoer, lê die kandidaat-keurder 'n mondelinge toets volgens die keuringspuntekaart af. Dit word by die verslae aangeheg.

3. HINGSKEURING (1)
   Die kandidaat-keurder is medeverantwoordelik vir die (i) meet van hoewe; (ii) hoogtes van perde; (iii) evaluering van gebit; (iv) kontrolering van mikroskyfies.
   Tydens die keuringsproses word perde volgens ouderdomme gerangskik vir die hingsparade. Wanneer perde losgemaak word vir die assessering van beweging, moet hulle behulpsaam wees in die arena. Verder moet hulle ook behulpsaam wees met die administrasie tydens die keuring, asook ander take aan hulle opgedra.

4. HINGSKEURING (2)
   Indien al bg. in plek is, doen die kandidaat-keurder aansoek by die Raad om die praktiese eksamen af by die volgende hingskeuring af te lê.
   Tydens die eksamen:
   - word keuringspuntekaarte ingevul en ingehandig vir latere evaluering deur SA Stamboek.
   - word kandidate se puntekaarte nie in berekening gebring in die finale punteberekening van die keuring nie.

5. ANDER VOORWAARDES
   - Indien 'n kandidaat-keurder nie binne 5 jaar vanaf die aflegging van die intree-eksamen voldoende vordering getoon het nie, moet hy/sy weer begin met 'n intree-eksamen.
   - Slegs 3 (drie) kandidaat keurders kan per jaar die finale eksamen tydens die hingskeuring aflê.

SA BOERPERD KEURDERS WORD SLEGS DEUR DIE RAAD AANGESTEL

Indien gekwalifiseerde keurders vir 3 agtereenvolgende jare nie gekeur het nie, verval hulle kwalifikasie. Om heraangestel te word, moet hulle weer 3 keuringstoere bywoon.
* Keurders wat nie die opknapperkursus bygewoon het nie, mag nie hingste keur nie.
* Keurders word een keer in 3 jaar verskoon van die opknappingskursus.

SA BOERPERD INSPECTORS

1. Pass a written entry examination for INSPECTORS:
   - Breed Standard & Conformation;
   - Training courses / Information events;
   - Self study.

2. PRACTICAL
   - Pass a minimum of 4 inspection tours in different provinces as approved by the Board. The principal inspector of each tour, will submit reports to the office for assessment by the Board. If the reports are not satisfactory. The candidate will be advised to do more inspection tours.
   - During the last (4th) inspection tour, the candidate-inspector will do an aural test based on the inspection report and score card.. This report will also be submitted to the office with the other reports.

3. STALLION SELECTION (1)
   At the stallion inspection venue, the candidate inspector must assist with (i) the measuring of hooves; (ii) measuring of the heights of horses; (iii) evaluation of the bit; (iv) the verification of microchips.
   For the inspection procedures, horses are placed according to age for the stallion parade, as well as in groups thereafter. During the assessment of movement in the inspection process, candidates must assist. They must also familiarise themselves with the administrative part of the inspection, as well as other functions as delegated.

4. STALLION SELECTION (2)
   If all the above is in place, the candidate-inspector may apply to the Board to do the practical examination at the next stallion inspection.
   During this inspection:
   - Inspection report cards will be completed and submitted for later assessment by SA Studbook
   - Candidate inspectors' report cards are kept separately, and will not be taken into account in the final calculation of points of the stallions.

5. OTHER REQUIREMENTS
   - Should a candidate inspector not show progress 5 years from writing the entry examination, the candidate must start again with the entry examination.
   - Only three (3) candidate inspectors at a time can do their final practical examination at the Stallion Inspection.

SA BOERPERD INSPECTORS SHALL BE APPOINTED BY THE BOARD ONLY

If a qualified inspector wasn't part of any inspection for 3 consecutive years, his/her qualification will expire. To be reinstated, the inspector must again take part in 3 inspection tours.
* Inspectors who didn't do the refresher course, may not inspect stallions.
* Inspection can be excused from the refresher courses once in 3 years' time.